JERIGO MURE GEBEDSGIDS – ARTIKELS DES 2008 – FEB 2009

Maar God

Dankie aan almal wat hierdie jaar saam met ons geloop het, finansieel bygedra en vir ons gebid het. Mag die hand van die Here op julle wees. Dit was 'n voorreg om hierdie jaar saam met jou voor die troon van die Here te kon staan en vir die land en die wêreld by God te pleit. Weet dat jou gebede 'n verskil gemaak het. Laat ons net weer onthou: God belowe om na ons te luister en ons gebede te beantwoord. Ons bid omdat God vir ons sê om te bid. Hoewel ons dus dikwels nie direkte en vinnige antwoorde op ons gebede sien nie, veral wanneer ons vir lande en nasies bid, het ons die seker wete dat God ons hoor en antwoord.

Mag jy 'n geseënde Kersfees hê, en opnuut verstaan wat Jesus Christus vir jou kom doen het, mag jou verhouding met Hom verdiep en mag God vrede gee in jou gesins- en familieverhoudinge.

Besin oor 2008

Vir baie was 2008 die jaar van nuwe begin en nou is ons aan die einde van die jaar van nuwe begin. Dit is tyd om biddend oor 2008 te besin. Dit kan sinvol wees om oor die loop van 'n week elke dag 'n halfuur of meer opsy te sit vir *biddende besinning* oor 2008. Ons leer nie regtig uit dit wat gebeur het in ons lewe tensy ons dit evalueer en die Gees van God vra hoe om dit te verwerk nie. Dit is belangrik om dit oor die loop van 'n aantal dae te doen. Ons onthou nie altyd alles wat gebeur nie en baie keer moet die dinge waaroor ons besin eers "ryp" word in ons. Besin biddend oor die volgende aantal sake:

- my gesinsverhoudings,
- my werksverhoudings,
- my verhoudings met my vriende,
- my verhouding met God,
- die hantering van my tyd en geld,
- tot watter mate het ek hierdie jaar uitgekom by dit wat ek glo die Here my voor geroep het en
- watter dinge is daar wat ek weet ek moet verander (doen/nie doen nie) vir die jaar wat kom.

Geestelike herlewing

Vanuit die Desember gebedspunte sal jy sien dat ons fokus op gebed vir herlewing. Ons het 'n aantal verhale oor herlewings uit die geskiedenis ingesit. Mag dit jou stimuleer om te bid.

Die een les wat geleer kan word uit herlewing in die verlede, is dat gebed altyd 'n sleutelrol gespeel het. Elke herlewing is voorafgegaan deur 'n paar mense (enige getal tussen 2 en 10) wat bymekaargekom het om te bid. Dit het uitgekring na baie meer mense en uiteindelik het God in Sy groot genade herlewing geskenk.

Die een ding wat ek met vertroue kan sê, is dat daar 'n toename in gebed, 'n verdieping in dringendheid en intensiteit in gebed wêreldwyd gesien word. 'n Toename in gebed en gebedsgroepe kan waargeneem word onder kinders, jongmense, kerke en in werksplekke. Ons sien meer gebedsgroepe, meer dag en nag gebedswagte, en meer gebedsinisiatiewe en gebedsnetwerke word gevestig. Wanneer mense gehoorsaam is en daar 'n toename in gebed is, lei dit normaalweg altyd tot die uitstorting van God se Gees.

God is reeds in 2009

God is reeds in 2009. Hieraan moet ons met hoop en onwrikbare geloof vashou. Die jaar 2009 is vol onsekerheid. Die verkiesing kom. Pryse styg. Geweld, siekte en misdaad is aan die toeneem, en daarmee saam wanhoop.

Alleen God ons Vader se goeie en onbeskryflike groot beloftes is ons anker (**2 Pet.1:4**). Verdiep jou in die Woord, buig onder Sy wil en laat Hom toe om te doen wat Hy wil en soos Hy wil. Moenie haastige besluite neem nie. Luister na Hom en beweeg slegs as jy weet jy moet beweeg. Niks is onder Sy beheer uit nie. Al lyk dit dikwels nie so nie en al wil gevoelens van bitterheid, verontregting en vrees jou oorweldig, proklameer dag vir dag: Jesus is die Here, Hy het die sleutels van die dood en die doderyk, Hy is die eerste en die laaste, Hy het gekom om die werk van die Bose tot niet te maak.

Mag die God van vrede jou beskerm en bewaar.

Bennie Mostert
Besturende Direkteur*: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Ef.3:20

Aanhalings

Wanneer ons op organisasies vertrou, kry ons wat organisasies kan doen; wanneer ons op geleerdheid vertrou, kry ons wat geleerdheid kan doen; wanneer ons op welsprekendheid vertrou, kry ons wat welsprekendheid kan doen. Maar wanneer ons op gebed vertrou, kry ons wat God kan doen – A. C. Dixon.

Die ware man van God is in sy hart gegrief deur die wêreldsheid van die kerk…gegrief deur die verdraagsaamheid teenoor sonde in die kerk, gegrief deur die biddeloosheid van die kerk. Hy is ontsteld dat die korporatiewe gebed van die kerk nie meer die vestings van die duiwel kan vernietig nie – Leonard Ravenhill.

Wat 'n onuitspreeklike genade om toegelaat te word om met God in intersessie te onderhandel vir die voorsiening van ander se behoeftes! Om die voorreg te hê om deel te hê aan Christus se groot werk as Intersessor is so 'n seën. Dit is wonderlik om in noue verbintenis met Hom te wees en my gebede met Syne te verweef! Wat 'n voorreg om krag by God in die hemel te hê oor siele en om vir hulle dít te verkry waarvan hulle nie eers weet of waaraan hulle nie eers dink nie! – Andrew Murray

Die kerk het nog nie eers aan die randjie van die moontlikhede van intersessie gebed geraak nie. Die kerk sal sy grootste oorwinnings beleef wanneer indiwiduele Christene orals hulle priesterskap teenoor God leer ken en dag na dag hulleself gee in gebed. – John R. Mott

Gebedsfokusse: Desember 2008 – Maart 2009

Desember 2008: Herlewing

Mag ons nooit moeg word om vir herlewing te bid nie. Oor die afgelope 300 jaar, sedert 1727, was daar honderde aangetekende herlewings reg oor die wêreld in baie lande. In die gebedspunte vir Desember sal jy oor sommige van hierdie herlewings en die uitwerking daarvan op mense en samelewings lees. Ons wil jou oproep om volhardend vir geestelike herlewing in die Kerk te bid. Herlewing het eerstens met die Kerk te doen. Wanneer herlewing in die Kerk kom, het dit tot gevolg dat mense tot totale oorgawe kom en totale samelewings verander. Deel die inligting wat jy in hierdie Desember gebedsgids lees met ander. Lees dit voor by huisgodsdiens. Moedig mense aan om weer vir herlewing te bid. Die Kerk is God se antwoord vir Suid-Afrika, maar alleen 'n Kerk wat leef in die krag van die Heilige Gees.

Januarie 2009: Vaderskap

Uit navorsing, persoonlike gesprekke en die ervaring van beraders, word die rol wat vaders in mense se lewens speel, as waarskynlik die grootste enkele gemeenskaplike probleem uitgewys by mense wat geestelike en emosionele probleme het. Die vader is die anker in enige gesinsverhouding. Wanneer vaders hulle regte plek in die gesin inneem en reg teenoor hulle vrouens en kinders leef, kry ons gesonde gesinne waar daar dissipline, orde, vrede en sekuriteit is. Dit weer het 'n invloed in die skole en universiteite en in die samelewing. Wanneer die

vader egter nie sy rol as vader vervul soos wat die Skrif dit voorskryf nie, vernietig vaders hulle eie lewens en gesinne en die hele samelewing begin verkeerd funksioneer. Oor die afgelope twee jaar het ons oor die hele land 'n dramatiese toename gesien in vaders wat hulle voor God verootmoedig en hulle Godgeskape rol as vaders in hulle gesinne begin inneem het – met onbeskryflik positiewe gevolge. Bid dat hierdie momentum sal toeneem en bid ook vir honderde duisende mense wat met die gevolge saamleef van vaders wat nie geleef het soos wat God dit bedoel het nie. Bid vir genesing en die herstel van verhoudings.

Februarie 2009 – Proklameer God se Naam, karakter en werke oor die Kerk
Die Kerk is en sal tot die einde van tyd die uitdrukking bly van God die Vader, deur die beeld van Jesus Christus, wat sigbaar gemaak word in en deur die lewens van Gelowiges. Ons is in 'n voortdurende geestelike oorlogvoering gewikkel vir die siele van mense. Oorwinning in hierdie oorlog beteken verlossing van ongereddes, geloof wat ongeloof oorwin, waarheid wat leuens oorwin, hoop wat wanhoop oorwin, liefde wat haat en vrees oorwin, geregtigheid wat ongeregtigheid en onreg oorwin, heiligheid wat sonde en onheiligheid oorwin. Gedurende Februarie gaan ons fokus op gebed vir die Kerk om op te staan in sy Godgegewe en Godbestemde outoriteit oor die dinge van die wêreld. Eerstens fokus ons op God self. Ons gaan Sy Naam van dag tot dag verklaar, bely en proklameer as 'n banier van liefde oor die mense van die aarde. Tweedens gaan ons tot God bid dat Sy karakter sigbaar in Sy Kerk sal word. Laastens gaan ons Sy werke verklaar oor die aarde en sy inwoners. Ons nooi jou uit om in hierdie maand deel te hê aan die verklaring dat God se Koninkryk op die aarde sal kom soos dit in die hemel is.

Maart 2009 – Hongersnood
Hongersnood is 'n praktiese werklikheid vir bykans 50% van alle mense in ons land. Minstens 50% van die mense in ons land leef op of onder die "broodlyn". Dit is mense wat wonder waar die volgende bord kos vandaan gaan kom en hoe hulle die maand gaan oorleef. God is ons Vader en beloof dat Hy vir ons sal sorg. Wanneer daar hongersnood is, is daar altyd redes daarvoor. Daaroor is die Skrif duidelik. Bid dat God vir ons sal wys wat dit is wat verkeerd is in ons land en hoe om dit reg te maak. 'n Deel van die probleem lê by die Kerk en **Jesaja 58** gee vir ons antwoorde hieroor. Mag ek vra dat jy **Jesaja 58** biddend en by herhaling sal lees totdat jy hoor wat God vir jou wil sê en wat Hy vir jou vra om te doen. Bid totdat daar medelye in jou hart is en totdat jy iets aan die nood van ander begin doen. Hier moet ons bid en doen.

April 2009 – Verkiesing
Dit is verkiesingsjaar. Ons politiek is deurmekaar en as Christene het ons die verantwoordelikheid en die mandaat om voor God ons Vader te staan en te bid vir 'n regering wat God eer. Wanneer ons bid moet ons met groot wysheid en gebrokenheid bid. Bid met genade in jou hart wetende dat jyself ook 'n sondaar is en swakhede het. Wanneer ons bid, moet ons bewus wees van die verantwoordelikheid wat op ons rus. Ons moet letterlik dag en nag vir hierdie land in die bres staan en vra vir God se genade. Mag God ons gebede verhoor sodat ons volgens **1 Tim.2:1-3** in vrede kan lewe in ons land.

WAT, WAAR EN WANNEER
Nasionaal

19-21 Februarie 2009: *Missions Fest*™ in Gauteng
Missions Fest™ is 'n stedelike sendingkonferensie wat uitsluitlik deur plaaslike gemeentes van verskillende denominasies georganiseer word. Die doel van *Missions Fest*™ is om inligting te verskaf oor die sendingnood en -geleenthede lokaal en globaal, om te juig oor wat God op die oomblik besig is om deur Sy kinders te doen en om mense van alle ouderdomsgroepe uit te daag om betrokke te raak by die Groot Opdrag deur te gaan, te stuur, te bid en te gee. Om die geleentheid in Pretoria by te woon, kontak Gerald Golbeck, Fasiliteerder - *Missions Fest*™ Gauteng. Tel: 012 321 9964 of sel: 082 816 2089. Webruimte: www.missionsfestinternational.org of e-pos: gerald@mfestpretoria.org.za of dmbea@dslmweb.co.za

WAT, WAAR EN WANNEER
Internasionaal

7-12 Desember 2008: Kerkfokus: *All Africa Council of Churches (AACC)* Konferensie
All Africa Council of Churches (AACC) kom gedurende hierdie paar dae byeen onder die tema: *Africa, step forth in faith.* Hulle doel is om hindernisse in Afrika se vernuwing en vooruitgang te bepaal. Temas oor waardes en morele vernuwing, ekonomiese geregtigheid, MIV/VIGS, armoede en goeie regerings sal onder andere behandel word. Kontak *AACC,* P.O. Box 14205, 00800, Nairobi, Kenia. Webruimte: http://www.aacc-ceta.org/ of e-pos: ninthassembly@aacc-ceta.org of japhetn@aacc-ceta.org

Februarie & Maart 2009: *Shalom Ministries*
Angus Buchan se reisplan vir Februarie & Maart lyk soos volg:
26 Februarie – 2 Maart 2009 Manne konferensie, Perth, Wes Australië
25 – 30 Maart 2009 Nederland
Shalom Ministries, Posbus 373, Greytown, 3250. Tel.: 033 417 1695, faks: 033 417 1425. Webruimte: www.shalomtrust.co.za of e-pos: shalom@futurgtn.co.za

Maart 2009: Internasionale Opleiding in Kenia
Kingfisher East Africa bied 'n Internasionale Mobiliserings- en Opleidingsgeleentheid aan wat gedurende Maart in Kenia sal plaasvind. Alle inligting in verband met hierdie opleiding, sowel as aanlyn-registrasie kan afgelaai word van die webruimte: http://www.kfmc.co.za. Dit fokus op die versterking van die vermoëns van koninkryk-mobilisering wêreldwyd. 50 Mense kan gehuisves word by die plek van byeenkoms in Kenia - plekke word toegeken aan eerste inskrywers. Kontak asseblief vir Ora by e-pos: training@kfmc.co.za vir enige navrae in verband met die opleiding of vir Theuns Scheepers, *Kingfisher Mobilizing Center*, tel.: 021 913 0909 of sel: 083 289 0451

HET JY GEWEET?

Neem 'n terroris aan vir gebed
"Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.' Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg" – Jesus. Die oorlog teen terrorisme is primêr geestelik. Die promovering van vryheid van denke en spraak en die militante vorm van Islam staan direk teenoor mekaar. Vrees is die primêre wapen teen hierdie vryhede en terroriste is die primêre werktuie. As terroriste tot bekering begin kom, sal hierdie wapen faal en die wêreld sal hoor van die een ware God wat wonderwerke kan doen. *Adopt a terrorist for prayer* wil uitroep tot God vir die redding van alle terroriste. Jy kan 'n terroris kies en daagliks bid vir 'n hartsverandering by hom/haar en jy kan ander aanmoedig om dieselfde te doen. (Webruimte: http://www.myatfp.com/home.html).

'n Christentronk in Argentinië
'n Spesiale tronk slegs vir evangeliese gevangenes, genoem "*Christ the Only Hope*," is in Argentinië geopen. Die meeste van die gevangenes het in ander tronke tot bekering gekom en is verplaas na "*Christ the Only Hope*." Die inrigting is 'n eksperiment, die enigste van sy soort ter wêreld, funksioneer uiters suksesvol en trek aandag van oor die hele wêreld. Daar is sowat tien tot twaalf gevangenes per sel. Hulle het feitlik onbeperkte vryheid van beweging deur die tronk en moet hulle eie probleme oplos. Volgens verslae is heroortredings deur gevangenes wat hulle straf uitgedien het, heelwat laer as die van ander tronke. (Breaking Christian News, webruimte: http://news.bbc.co.uk/2/hi/americas/7513011.stm of e-pos: editor@breakingchristiannews.com).

DEURBRAAK

Top Hamas leier se seun kom tot bekering

Masab Yousef, seun van die Wesbank Hamas leier Sheik Hassan Yousef het vir die eerste keer erken dat hy Islam verlaat het en nou 'n Christen is. Voor die publikasie van die onderhoud, het Yousef se familie nie geweet van sy bekering nie, al was hy gereeld in kontak met hulle. Prys die Here vir hierdie deurbraak en bid vir die Here se voortdurende seën op Yousef en ander soos hy. (**Ps.32:7-8**). (Bron: *Issue 3208/The prayer Forum of the British Isles & Ireland;* webruimte: http://www.prayer-alert.net).

Solomon-eilande: Toewyding van die hele Bybel

Prys die Here vir die publikasie van die hele Bybel in die Pijn-taal van die Solomon-eilande. Die Pijn Bybel is op 6 Julie, 2008 ingeseën as deel van die nasie se dertigste onafhanklikheidsviering. (Lars Widerberg, Intercessors Network, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Swede. E-pos Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com).

WAT IS AANLYN?

Webruimte: http://www.wycliffe.org/documents/Curriculum/ChildrensPrayerJournal.pdf
Hierdie gebedsjoernaal kan van die bogenoemde webruimte afgelaai word en bied 12 verskillende mensegroepe vir wie kinders kan bid. Kinders leer om vir mensegroepe en sendelinge asook Skrif te bid.

Webruimte: http://www.biblebible.com/Hebrew/
Luister na die Bybel in Hebreeus.

Webruimte: http://globalrecordings.net/
Global Recordings Network het nou opnames van evangeliese boodskappe en basiese Christelike lering beskikbaar gestel in 5 693 tale en dialekte. Hiervan is 4 515 op hulle webruimte om gratis te luister of af te laai op jou MP3-speler.

Webruimte: http://freechristianaudiobooks.com/
Klassieke Christelike boeke van skrywers soos E.M. Bounds, G.K. Chesterton en ander is beskikbaar as 'n oudio of teksboek en kan gratis afgelaai word.

Webruimte: http://www.hope@hope365.co.za
Na 20 jaar se voltydse betrokkenheid by die ***JESUS Film,*** het die geleentheid hom nou voorgedoen om mense aanlyn met die evangelie te bereik. Deur die Internet kan mense ge-evangeliseer, opgevolg en aangemoedig word om geestelik te groei. Hierdie SA gebaseerde bediening het belangstelling van oor die wêreld getrek. Besoek hierdie webruimte en raak daagliks betrokke.
Webruimte: http://www.joshuaproject.net/countries-tree.php
Besoek die wêreld land vir land deur hierdie webruimte wat lyste beskikbare gebedsinligting vir die onbereiktes in elkeen van hierdie lande bied.

Gebedsgids per epos

Die Gebedsgids

Jy kan die Gebedsgids per e-pos ontvang, of dit van ons webruimte: www.jwipn.com aflaai. Indien jy op die e-pos weergawe van die Gebedsgids wil inskryf, voltooi asseblief die inskrywingsvorm wat jy in die Gebedsgids gekry het en pos/faks dit terug aan ons.

Die *Global Prayer Alert*

Die *Global Prayer Alert* is 'n weeklikse e-pos gebedsgids vir indiwiduele bidders, gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte om ingelig en op 'n gereelde basis te bid. Hierdie gebedsgids is 'n inisiatief van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* en word moontlik gemaak deur jou gereelde donasies. Die *Global Prayer Alert* vervang die daaglikse BID VANDAG met 'n weeklikse *Global Prayer Alert*, met 'n spesifieke fokus op persoonlike, stadswye, landswye en internasionale sake van belang. Om in te teken op die *Global Prayer Alert* in Afrikaans, stuur asseblief 'n e-pos aan bid_7dae-subscribe@associate.com. Om in te teken op die *Global Prayer Alert* in Engels, stuur asseblief 'n e-pos aan pray_7days-subscribe@associate.com.

GEBEDSVERHAAL: JEUGWAG IN DIE HELDERBERGKOM BY SIR LOWRY'S PAS

HOE HET JULLE GEBEDSWAG BEGIN?

Ons het met 36 studente begin nadat ons duidelik gevoel het dat God ons lei om dit te doen. Twee maande lank het ons 24-7 gebid. Dit het 'n groot impak gehad op die lewens van almal wat deelgeneem het. Om die las van 24-7 en ons daaglikse verantwoordelikheid 'n bietjie ligter te maak, het ons afgeskaal op die ure, maar ons gaan voort om die wag te hou.

WATTER WENKE KAN JULLE AAN ANDER GEE WAT 'N GEBEDSWAG WIL BEGIN, OF AAN HULLE WAT PROBLEME HET?

- Neem alle realiteite in aanmerking. Vir ons is dit 'n realiteit dat studente studeer, hulle is in 'n proses van ontwikkeling en nie almal het dieselfde geestelike vermoëns nie. Vind maniere om almal te akkomodeer sodat almal kan groei en nie veroordeel voel as hulle nie die pas kan volhou nie. Pas aan sonder om die visie te verloor.
- Hou dit vars. Ons het 'n *Woordwag* gedurende die nag (lees die Woord hardop as gebedsproklamering). Twee mense is saam in die *Boiler Room* en hulle lees afwisselend 'n hoofstuk per keer. Die *Woordwag* hou aan van 22:00 tot 6:00. Van 6:00 tot 9:00 het ons vrye tyd wat beteken ons speel aanbiddingsmusiek en almal is welkom om te kom bid en te aanbid of deel te neem aan dit wat in die *Boiler Room* gebeur. Van 9:00 tot 19:00 is daar enkel gebedstye waarin indiwidue (studente en personeel neem deel aan 24/7) kan kies om 'n uur lank te bid of 'n *Woordwag* te hou. Vanaf 19:00 het ons weer vryetyd.

WAT WAS DIE UITDAGINGS WAARMEE JULLE TE DOEN GEKRY HET?

- Met uitsondering van die vlees wat in die bed wou bly...?!
- Om die gebedswagvisie ingepas te kry in die skedule van ons skool.
- Ook om die rigting vas te stel wat die Here wou hê ons moes inslaan in wat ons in die gebedskamer doen en in ons daaglikse program. Daar is tye wanneer die Here vir ons sê om die klasse te stop om gesamentlike tye van aanbidding en gebed te hê. Die uitdaging is om gereeld die program en alles wat moet gebeur in ag te neem, maar ook om seker te maak dat belangrike sake/aktiwiteite en voortspruitende sake aangaan. Oor die algemeen het ons besluit om ons nie deur die program te laat lei nie. Dit was vir ons nuut om die Bybel hardop te lees.
- Om in die middel van die nag wakker te word en jou kop, wat aanhou om vir jou sê dat jy moeg is, stil te kry.
- Om die ouens wat aan die begin worstel, aan te moedig en om hulle nooit skuldig, veroordeel of minder geestelik te laat voel nie.

WAARVOOR MOET 'N MENS VERSIGTIG WEES?

- Pas op dat dit nie 'n outomatiese ding word nie. Dit bly 'n geweldige voorreg om tyd in die teenwoordigheid van die Here deur te bring.
- Pas op vir hoogmoed, om meer spesiaal as ander te voel omdat jy aan 'n gebedswag deelneem.

- Hou die visie vars. Mense moet altyd weet waaroor dit gaan. Hulle moet gereeld herinner word waarom hulle dit doen en waarheen hulle op pad is. Deel mense se ervarings en dit wat die Here vir hulle sê. Deel die visie van indiwidue, van God se visie vir die land en die lande van diegene wat aan die Wag deelneem.
- Wees bedag op dit wat die Here deurgegee het en wat Hy besig is om te doen. In hierdie tyd van die media wil almal 'n DVD maak. Dit is maklik om na die kameras te gryp en om 'n groot ding te maak van dit wat in jou gebedswag gebeur. Dit is nie verkeerd op die regte tyd as die Here vir jou wys om dit te doen nie, maar sommige dinge wil die Here tot die volheid van Sy tyd geheim hou.

SIEN JULLE DAT JULLE GEBEDE VRUG DRA?

Die volgende is 'n paar getuienisse oor die *Woordwag.* Een jongman wat nie baie goed kan lees nie het gesê: Dit is 'n reis, ons moet die vuur aan die brand hou. As dit iets in die wêreld was, sou ons daar wees. Ek voel ons moet opgradeer (aanhou en meer doen).

Iemand anders het gesê: Na Woordwag voel jy skoon en verfris al was jy vaak en moeg toe jy begin het.

Nog 'n jongman wat gesukkel het met die geslagregisters: Ek kon dit nie verstaan nie en het vir my vriend gesê dis regtig vervelig. Hy het my bemoedig en ek het gevoel hoe die Here my verstand oopmaak en vir my begrip gee. Ek het soveel seën ontvang dat ek harder en harder begin lees het.

Iemand anders: Ek sou jok as ek sê ek het dit geniet, maar dit help my. Dit help my om verantwoordelik te wees en om deursettingsvermoë te bou en my luiheid weg te neem.

Een nag het een van die jong dames gevoel die Here sê sy moes in die *Boiler Room* gaan bid. Terwyl sy gebid het was daar skielik 'n sterk wind wat in die *Boiler Room* gewaai het terwyl al die deure toe was. Al die plakkate en papiere het van die muur af gewaai en sy het Sy teenwoordigheid langs haar gevoel. Terselfdertyd het sy gesien dat iemand die trappies aan die buitekant afkom en by die deur wou ingaan, maar nie kon nie. Sy was bang en het vir die Here gevra om die vrees weg te neem as dit Hy was. Die vrees het verdwyn en sy het vir die Here gevra wat Hy wou sê. Hy het gesê Hy wil graag in die land inkom, maar die sonde van die mense hou die deur vir Hom toe.

So is daar baie getuienisse van hoe die Here Homself aan hulle op verskeie maniere openbaar het. Ons gee aan Hom die eer en die heerlikheid vir die genade wat Hy alleen vir ons kan gee om Hom volhardend te volg. Ons het groot bevrydings gesien in die teenwoordigheid van die Here in die *Boiler Room* en Hy verdien al die eer.

Ek het self groot genesing beleef deur net een nag tydens die *Woordwag* te sit en luister terwyl ander kom lees het. Dit is so wonderlik, Hom alleen kom al die eer toe, nie 'n mens nie. Hy het Sy Woord gestuur en hulle is genees!! Aan Hom die eer vir ewig en ewig!

KONTAKBESONDERHEDE

Vir meer inligting, kontak Barbara by Eagle's Rising Training Centre by tel.: 021 856 4486 of sel: 082 773 2174 of Alfred by sel: 073 498 5535. Webruimte: www.eaglesrising.org.za of e-pos: office@eaglesrising.org.za

Is jy 'n ware man?

Die vraag waarmee elke Christenman gekonfronteer word, is die volgende: *is jy 'n man van God?* Nie almal sien kans vir die pad nie. Dit kos 'n prys om 'n man van God te wees. Die prys is om in God se teenwoordigheid en vir God te leef. Min sien hiervoor kans. Ons sien wel daarvoor kans wanneer dit byvoorbeeld *óns* pas om geld te gee, iemand te help, of 'n goeie daad te doen. En daar is iets heldhaftigs daaraan om "uit vrye wil" te kies om iets vir God te doen. Maar daar is min persoonlike eer daarin om net in absolute gehoorsaamheid die wil van God te doen, ongeag van wat dit is wat Hy vra. Ons dink gewoonlik ons gaan ons vryheid en menswaardigheid prysgee wanneer ons ons volledig aan die wil van God onderwerp. Maar presies die teenoorgestelde is waar.

Manne in die bres: Enkelouer Vaders

Om skielik 'n enkel vader te wees kan 'n lewensveranderende ervaring wees. Dit vra geweldige aanpassings en 'n menigte vaardighede, maar baie vaders besluit dapper om die taak alleen aan te pak. Met die egskeidingsyfer teen 'n onbestendige 75% volgens *FAMSA (Family and Marriage Association of South Africa)* is enkel pa's tans 'n algemene verskynsel omdat hulle in baie gevalle toesig oor die kinders kry na 'n egskeiding. Egskeiding is natuurlik nie die enigste rede waarom pa's kinders alleen grootmaak nie. Die dood of ernstige siekte van 'n lewensmaat wat maak dat sy nie meer vir haarself kan sorg nie, is nog een van die oorsake. Hoe bid jy as 'n enkel vader vir jouself en vir jou kinders? En hoe kan ons as ouers vir iemand anders in hierdie omstandighede bid? Die volgende is 'n paar praktiese wenke vir vaders wat enkelouers is met eenvoudige Skrifgebede wat daarop volg:

1. Maak die meeste van jou tyd as jou tyd met jou kinders beperk is. Moenie die tyd as vanselfsprekend aanvaar net omdat hulle by jou bly nie. Bid dat God vir jou wysheid sal gee oor hoe om die tyd wat jy wel het, saam met jou kinders deur te bring. Vra Hom om vir jou die klein behoeftetjies te wys wat hulle nie noodwendig uitspreek nie en wysheid hoe om hierdie behoeftes aan te spreek. Vra die Here om vir jou die vermoë te gee om te kan luister en te verstaan wat hulle ongelukkig maak.
   EENVOUDIGE GEBED: Uit die hemel laat my U stem hoor, onderrig my in U weë (**Deut.4:36**).
2. Indien nodig, verander jou leefstyl en leer om fyn vooruit te beplan. Jou sakelewe of beroep se beplanning moet met jou kinders en hul skoolvakansies as prioriteit ingerig word. Bid dat God jou guns in jou werksituasie sal gee sodat jy vir jou kinders beskikbaar kan wees. Vra God ook vir wysheid in jou beroep/werk en hoe om dit prakties so te organiseer dat dit voordelig vir jou werk sowel as vir jou kinders sal wees.
   EENVOUDIGE GEBED: Maak my nou U wil bekend sodat ek U kan leer ken en ek genade in U oë kan vind. En beskou ook my kinders as U kinders (**Eks.33:13**).
3. Kinders bewonder hulle ouers. Hulle weet hulle is deel van albei. As die een ouer kwaad is of verbitterd raak teenoor die ander, voel hulle skuldig. Veral na 'n egskeiding sal ouers 'n lewenslange onderhandelingsverhouding moet hê ter wille van die kinders. Bid dat die Here vrede tussen julle as ouers bring. Vra die Here om albei van julle te help om julle verskille by te lê en om in vrede met mekaar saam te leef. Bid sonder ophou oor hierdie uiters noodsaaklike saak, nie soseer vir julleself nie, maar vir julle kinders.
   EENVOUDIGE GEBED: Vader ek bid dat daar vir ons genade en vrede in oorvloed sal wees deur die kennis van God en van Jesus ons Here (**2 Pet.1:2**).
4. Dikwels kan een ouer nie die kinders hanteer nie as gevolg van chroniese depressie of self-vernietigende gewoontes, verslawing, ens. In so 'n geval woon die lewensmaat nog in die huis, maar is glad nie in staat om vir die gesin te sorg nie. Soms is daar geen familie of ander ondersteuning nie en die verantwoordelikheid val terug op die pa. Bid dat die Here vir jou wysheid sal gee om betekenisvol vir jou lewensmaat te sorg, al sou dit beteken om voltydse hulp te kry. Vra Hom om vir jou te wys hoe jy jou verswakte lewensmaat en jou kinders terselfdertyd kan versorg. Bid dat hulle bo alles 'n openbaring van hulle hemelse Vader sal kry wanneer hulle sien hoe jy in die klein dingetjies vir hulle sorg.
   EENVOUDIGE GEBED: Ek bid dat hulle die ewige lewe sal hê en dat hulle U sal ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is (**Joh.17:3**).

5. As jou lewensmaat oorlede is, het jy baie wysheid met jou kinders nodig. Hou aan om vir jouself te bid totdat jy 'n deurbraak beleef en God jou eie hart en jou kinders se harte genees van die verlies wat julle almal gely het. Vra vir genade om die situasie te aanvaar en vir krag vir elke dag wat voorlê. Vra ook vir die Here om jou te beskerm sodat jy nie te vinnig by 'n verhouding met iemand anders betrokke raak net omdat jy eensaam is of 'n behoefte het aan iemand wat jou kan help met die versorging van jou kinders nie.
   EENVOUDIGE GEBED: Beskerm my en red my, laat my nie beskaamd staan nie, want by U skuil ek (**Ps.25:20**).
6. Vir jou as enkelpa is iemand aan wie jy jou kinders kan toevertrou wanneer jy nie naby is nie, 'n groot verantwoordelikheid. Vra vir die Here om vir jou betroubare vroulike mentors vir jou dogters te wys. Miskien is dit hulle ma (as sy nog leef), of die ma van 'n skoolvriendin, 'n tante of iemand van jou kerk of werk. Bid vir 'n deurbraak op hierdie gebied totdat jy persone vind wat jy respekteer en wie se waardes suiwer is. Dit mag dalk die grootste geskenk wees wat jy vir jou kinders kan gee.
   EENVOUDIGE GEBED: Ek bid dat my kinders die liefde wat U vir hulle het sal ken en daarop sal vertrou. U is liefde. Wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom (**1 Joh.4:16**).
7. Dit is nie so belangrik om alles reg te doen as wat dit is om beskikbaar te wees nie. Kommunikeer met jou kinders wanneer julle as gesin saam is maar ook indiwidueel. Beplan 'n bietjie 'alleentyd' met elkeen afsonderlik op 'n weeklikse basis. Dit hoef nie ure op 'n keer te wees nie, maar dit moet ten minste een keer 'n week gebeur. Maak seker dat jy vir hulle vrae vra en eerlike antwoorde kry. Maak seker dat jy jou tydjie saam met hulle afsluit met gebed vir en saam met hulle. So leer jy vir hulle om altyd hulle probleme na hulle hemelse Vader te neem, ook wanneer jy nie beskikbaar is nie. Vra die Here om jou sensitief te maak gedurende hierdie tydjies sodat jy nie haastig sal wees nie en dat hulle sal weet dat jy regtig 'hoor' en dat hulle jou onverdeelde aandag geniet.
   EENVOUDIGE GEBED: Vader, soos Jesus, gee asseblief vir my die wysheid om U weë aan my kinders te verduidelik (**Matt.13:36**).
8. Dit is belangrik dat jy tyd met vriende deurbring wat in jou lewe kan inbou en jou lewe kan verryk. Vra die Here om jou paaie te laat kruis met vriende van jou ouderdom en waar moontlik vriende wat in dieselfde situasie as jy is wat vir jou ook gebedsmaats kan wees. Indien moontlik; waarom begin jy nie met 'n klein groepie van drie of vier mans wat saam met mekaar kan bid en mekaar op 'n gereelde basis kan bemoedig nie? Wees versigtig dat jy jou nie in jou werk begrawe nie.
   EENVOUDIGE GEBED: Vader, gee vir my vriende met wie ek kan saambid, want U het gesê: waar twee of drie in My Naam saam is, daar is Ek by hulle (**Matt.18:20**).
9. Vra vir die Here om vir jou 'n vaderfiguur te wys na wie jy kan opkyk. Dink daaraan om hierdie persoon te vra om jou mentor of geestelike vader te word. Dit is 'n wonderlike geleentheid om insig en wysheid te ontvang van iemand met meer ervaring. Jetro was so iemand vir Moses in die regering van Israel.
   EENVOUDIGE GEBED: Here, ek mag baie leermeesters in Christus hê, maar het behoefte aan 'n ware geestelike vader. Stuur vir my iemand wie se voorbeeld ek kan volg soos hy Christus se voorbeeld volg (**1 Kor.4:15,16**).
10. Wees dankbaar vir dit wat jy het. 'n Mens raak so maklik ontmoedig of depressief as jy sien wat jy ontbeer en wat jy nodig het. Daar is niks wat 'n mens so opbeur as om 'n bietjie spesiale moeite te doen en om jou rond te kyk na dit wat jy wel het en dan te begin om God daarvoor te dank nie. Wanneer jy in jou motor is of van een vergadering na die ander stap, vra God om jou te herinner om Hom te loof.
    EENVOUDIGE GEBED: Loof die Here, want Hy is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie! (**Ps.118:1**)

Gebedsfokus op persone wat invloedryke posisies in SA het

Ons het in ons vorige uitgawe van die *Jerigo Mure Gebedsgids* begin om vir invloedryke persone te bid. Omdat ons besef watter invloed hierdie mense op ander het, het ons besluit om in hierdie uitgawe op sulke mense in Suid-Afrika te fokus. Daar is baie meer mense in invloedryke posisies as die wat ons hierin noem. Ons het 'n Bybelse opdrag om te bid vir diegene in die regering en in outoriteitsposisies, daarom gee ons hierdie gebedsriglyne deur. Ons gebed is meer gefokus op die posisie en invloedsfeer wat hierdie mense het, as op die persoon self. Wees asseblief vry om soos die Here jou lei ander op jou lys te sit en herinner jouself en ander gelowiges gereeld daaraan om vir die leiers van die dag te bid.

1. **Geestelike invloed**: **Retha McPherson**: **Mev Suid-Afrika 2004:** Op Saterdag, 19 Junie 2004, was mev Suid-Afrika, Retha McPherson, haar man en hulle twee kinders in 'n ernstige motorongeluk. (Webruimte: http://www.rethamcpherson.co.za/aldo.htm). Hulle seun, Aldo, het ernstige beserings opgedoen. God het vir Aldo 'n besoek aan die hemel gegee en die hele Bybel as't ware in hom 'afgelaai', sodat hy dit kan aanhaal soos hy dit nodig kry. Hy het mense buite hoor klop wat probeer het om in te kom. Hulle het gehuil want die deur was toe. Jesus het vir Aldo gesê die fees is vir Sy bruid, maar baie is nie gereed nie. Retha verkondig nou die evangelie in baie plekke in Suid-Afrika en oorsee. *Here, ek prys U dat U hulle roudans in 'n vreugdedans verander het* (**Ps.30:12**)*. Dankie dat U alles gemaak het vir 'n bepaalde tyd (***Pred.3:11**). *Ons bid vir hulle en vir ander met getuienisse van U goedheid, vir guns om die evangelie vrylik te verkondig en baie te lei om Christus as Verlosser aan te neem.*

2. **Kulturele, sosiale en kunsinvloed**: **Zola:** Zola was suksesvol as 'n Kwaito superster en is waarskynlik die gewildste Kwaito kunstenaar in die land. Sommige verwys na hom as die "tweede grootste handelsmerk vir die land naas Nelson Mandela." Hy het vier Suid-Afrikaanse musiektoekennings ontvang, een daarvan die *Artist of the Year - 2002*. **Yvonne Chaka Chaka:** Van popster in die 1980's tot geselsprogramaanbiedster is Yvonne Chaka Chaka die vermaaklikheidsikoon van Suid-Afrika en Afrika. Sy het haar diskovoorkoms afgeskud, haarself herstileer in Afrika tooisel en is herdoop tot "Prinses van Afrika". Gedurende die 1980's het sy albums verkoop in bykans elke land Suid van die Sahara. Sy het al voor 'n menigte Afrika staatshoofde opgetree en is betrokke by verskeie fondsinsamelings en liefdadigheidsorganisasies asook MIV werk. In 2006 is sy aangestel as *UNICEF (United Nations Children's Fund*) se spreekbuis teen Malaria: *UNICEF Regional Spokesperson for Malaria*. (Webruimte: www.princessofafrica.co.za). *Here ons bring alle kunstenaars soos hierdie voor U troon van genade* (**Heb.4:16**)*. Ons bid dat elkeen U sal leer ken en sal groei in 'n persoonlike verhouding met die Here Jesus. Gee aan hierdie mense baie geleenthede om aan ander goed te doen en te getuig van wie U is teenoor die menigte wat hulle volg.*

3. **Leierskapsinvloed**: **Kgalema Motlanthe** is 25 September 2008 as Suid-Afrika se nuwe staatshoof ingehuldig. Motlanthe is die eerste Suid-Afrikaanse president wat in 'n stemming deur die parlement verkies is. Kgalema Mothlanthe is op 19 Julie 1949 in die Johannesburgse township Alexandra as lid van 'n werkersklasgesin gebore. Hy is in 1997 onbestrede tot sekretaris-generaal van die ANC verkies, en in 2000 herkies. Hy is in Desember 2007 tot onderleier van die ANC verkies en in Julie 2008 is hy as die minister in die presidensie aangestel. (Die Burger 25/09/08). *Here, ons bring die huidige President voor U troon van genade* (**Heb.4:16**). *Sal U aan hom U wil en doel vir Suid-Afrika openbaar. Openbaar ook Uself aan hom as 'n rots waarheen hy kan vlug, 'n bergvesting van redding. Ter wille van U Naam gaan voor hom uit en lei hom* (**Ps.31:3-4**).

4. **Politieke invloed: Helen Zille:** Helen Zille is in Suid-Afrika gebore en kan Xhosa en Duits vlot praat. Sy is aangewys as die wêreld se beste burgemeester in 2008. In April 2008 is sy gevra om, weens haar ondervinding as burgemeester van Kaapstad, die *Verenigde Nasies* in New York toe te spreek oor bevolking en ontwikkeling. Al word sy baie gekritiseer, toon sy sterk leierskap in haar huidige posisie as eerste vroueleier van 'n politieke party, die *Democratic Alliance,* sedert Mei 2007. **Patricia de Lille:** Mev. Patricia de

Lille is in 1951 in Beaufort Wes gebore. Sy is op die oomblik leier van die *Independent Democrats,* wat in 2003 gestig is toe sy weggebreek het van die *Pan Africanist Congress (PAC)*. Sy is in 2004 tot die parlement verkies. Sy was 22ste op die lys van die SAUK se *Top 100 Great South Africans* in 2004. (Webruimte: http://en.wikipedia.org/wiki/Patricia_de_Lille). *Here, ons bring alle politieke leiers voor U troon van genade* (**Heb.4:16**). *Maak U werke aan hulle duidelik. Laat hulle die goedheid van die Here ons God belewe: hou die werk van hulle hande in stand sodat U Naam verheerlik kan word* (**Ps.90:16-17**).

5. **Media-invloed: Mev. Noeleen Maholwana-Sangqu:** Mev. Noeleen Maholwana-Sangqu is gebore in Umtata. Noeleen is 'n opgeleide joernalis en het 'n paar jaar lank beriggewing by beide die Radio en die TV vir *Radio Transkei* en *Radio 702* gedoen. In 2002 het Noeleen die *Population Institute's Global Award for Radio Programme Excellence* in Kuba ontvang. Sy is gekies as een van die *TIME Magazine se "Top 100 people of 2004".* In 2004 en 2005 wen Noeleen die *Crystal Award for Best Talk Show Host* vir 3 Talk. (Webruimte: http://www.tvsa.co.za/actorprofile.asp?actorID=40). Sy staan tans bekend as "Queen of Talk" in Suid-Afrika. *Here, ons bring almal voor U wat 'n invloed het op die verstand en denke van mense in Suid-Afrika deur die media* (**Heb.4:16**). *Vader van heerlikheid, ons bid dat U aan hulle U gees van wysheid sal gee en Christus so aan hulle sal openbaar dat hulle Hom werklik sal ken. Verhelder hulle geestesoë sodat hulle kan weet watter hoop hulle roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het* (**Ef.1:17-18**).

6. **Sportinvloed: Natalie du Toit:** Natalie du Toit is 'n Suid-Afrikaanse swemster, gebore in 1984. Sy is bekend vir die goue medaljes wat sy gewen het in 2004 en 2008 by die *Paralimpiese Spele*. Sy het 5 goue medaljes gedurende die 2008 *Paralimpiese Spele* gewen. Natalie is die mees suksesvolle *Paralimpiese* deelnemer ooit tot en met 2008. Sy is die trotse wenner van 10 goue medaljes by die *Paralimpiese Spele.* Natalie is in Kaapstad gebore en het sedert haar 14de jaar internasionaal meegeding in swem. In Februarie 2001 is haar linkerbeen by die knie afgesit na 'n ongeluk met haar bromponie oppad terug van skool na 'n swemoefening. Drie maande later, nog voordat sy kon loop, was sy terug in die swembad om te oefen vir die *2002 Statebondspele.* Natalie swem sonder die hulp van 'n kunsbeen. (Webruimte: http://en.wikipedia.org/wiki/Natalie_du_toit*). Here, ons dank U vir U groot genade wat U oor mense in nood uitstort. Dankie vir die getuienis van mense soos die wat ander aanmoedig om te glo dat U 'n realiteit is. Niemand wat sy verwagting in U stel, sal beskaam word nie. Maak U wil aan veral sportmanne en –vroue bekend, leer hulle U paaie; lei hulle in U waarheid as hulle God en redder. Laat hulle verwagting van U wees. Here, laat hulle aan U liefde en trou dink, wat U van altyd af betoon het* (**Ps.25:3-6**).

7. **Finansiële invloed: Trevor Manuel:** Mnr Trevor Manuel is in 1956 in Kaapstad gebore. Hy het die *Global Leader for Tomorrow Award* in 1994 ontvang en is tans *Minister van Finansies.* Suid-Afrika het in 2007 vir die eerste keer 'n surplus in begroting gerapporteer. Manuel het besteding vir opvoeding, behuising en sanitasie vermeerder. (Webruimte: http://en.wikipedia.org/wiki/Trevor_Manuel). **Tito Mbweni:** Mnr. Tito Mbweni is in 1959 gebore en dien as *Hoof van die Reserwebank* sedert 1998. Hy het die *Global Leader for Tomorrow Award* in 1995 ontvang. Toe hy tot die Suid-Afikaanse Reserwebank toegetree het, eers as Raadgewer vir die Goewerneur in 1998, het hy uit al sy posisies by die ANC bedank. (Webruimte: http://en.wikipedia.org/wiki/Tito_Mboweni). *Here, ons dank U dat U baie gebede rakende ons ekonomie gedurende die afgelope 15 jaar verhoor het. Ons bring hierdie mans en ander rolspelers in die finansiële sfeer voor U genadetroon* (**Heb.4:12**). *Ons bid vir almal in die regering, dat hulle nie slagoffers van hebsug sal word nie, want geldgierigheid is die wortel van allerlei kwaad, baie het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal. Ons bid dat U hulle sal vrymaak en sal help om van hierdie dinge af weg te vlug en te streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding en minsaamheid. Help hulle om hierdie areas van hulle lewens aan Christus oor te gee* (**1 Tim.6:10-12**).

8. **Regsinvloed: Mnr Justice Pius Nkonzo Langa** (gebore in 1939) is die huidige *Hoofregter van die Grondwethof van Suid-Afrika.* Die Hoofregter van Suid-Afrika is die persoon wat finale gesag uitoefen oor die funksionering en administrering van alle howe. Die *Hoofregter* is nou die leier van die *Grondwethof.* Hy is in 1994 deur Mandela aangestel in die regbank en is promoveer tot *Hoofregter* deur Thabo Mbeki in 2005. (Webruimte: http://en.wikipedia.org/wiki/Pius_Langa). *Here, ons bring hierdie mans en alle ander invloedrykes in die regstelsel voor U troon van genade* (**Heb.4:12**). *Versterk hulle om U troon op geregtigheid en reg te bou* (**Ps.89:15***). Stort oor elkeen wat U nie ken nie die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan om oor hulle harte en sinne die wag te hou in Christus Jesus in alles wat hulle doen* (**Fil.4:7***). Help hulle om reg en geregtigheid te laat geskied aan almal wat verdruk word* (**Ps.103:6**), *want die Here verkies dat ons doen wat regverdig en reg is eerder as dat ons offers bring* (**Spr.21:3**).

Is jy 'n ware man?

Dit kos 'n prys om 'n man van God te wees. Wie 'n man van God wil wees, moet sy identiteit in God vind. Baie van ons wil nie. Ons wil nog steeds "ons eie mens" wees. Wanneer ons 'n "man van God" word, word ons naam "Man van God". Elke ander naam en identiteit word onbelangrik. Daar is egter baie hindernisse: ons wil bv. steeds onder ons eie naam bekend wees; en ons wil so graag steeds erkenning ontvang vir dit wat ons gedoen het, vir ons suksesse, prestasies en dit wat uniek is aan ons. Wanneer ons net "man van God" is, is daar nie meer plek vir persoonlike eer nie. Dit is egter nie al nie: een van ons grootste benoudhede is waarskynlik dat ons elke oomblik in die teenwoordigheid van God moet wees en nie net wanneer ons wil nie. Vir 'n mens is dit 'n absoluut angswekkende gedagte. Dink vir 'n oomblik daaroor: "*élke oomblik".* Daar is nie een oomblik wat God nie weet wat ons dink of doen nie. Ons kan nêrens alleen wees nie. Daar is nooit 'n oomblik waarin ons net kan sit en niemand ons pla en ons "uitgelos kan word" nie. Soos 'n skaduwee is God altyd daar. En dit is dalk die oorgrote meerderheid van ons se diepste vrees: dat Hy elke oomblik daar sal wees. Dan kan ons nie soms net weer 'n keer kyk waar ons nie moet kyk nie of 'n paar "privaat" gedagtes dink nie, ons kan nie meer soms net presies sê wat ons in ons hart voel om te sê nie of af en toe 'n "bietjie" onheilig leef en nie net die hele tyd "in my spoor trap" nie. Miskien het ons nog nooit so daaroor gedink nie, maar ten diepste probeer die Adam in ons nog steeds vir God wegkruip.

Vroue in die bres: Hoe hanteer ek 'n miskraam

Die oomblik wanneer 'n vrou uitvind dat sy swanger is, ontstaan daar 'n baie spesiale band in haar hart met die ongebore kind. Om 'n miskraam te hê te midde van al hierdie opwinding, of as die baba dood gebore word, is geweldig ontstellend en dikwels die oorsaak dat vrouens in ernstige depressie verval. Mense kan baie onsimpatiek optree deur bv. te sê dat die ma nie die kind geken het nie of dat sy jonk genoeg is om weer 'n baba te hê. Die volgende is inligting en 'n paar riglyne om jou te help om vir jouself te bid of vir iemand wat 'n baba a.g.v. 'n miskraam verloor het.

1. **Erkenning** – Wanneer iemand 'n miskraam gehad het of 'n kindjie dood gebore word, is een van die moeilikste dinge om te erken dat dit wel gebeur het en nie verneder te voel of jouself te blameer nie. Bid dat God Sy liefde en Sy gedagtes aan so 'n vrou sal openbaar en haar die genade sal gee om te aanvaar dat Hy verstaan en haar graag wil troos (**2 Kor.1:3**).
   EENVOUDIGE GEBED: Here, help my om die liefde wat U vir my het te ken en te glo U is liefde. Help my om in U en in U liefde te bly in hierdie moeilike tyd (**1 Joh.4:16**).
2. **Woede/ teleurstelling** – Gevoelens van woede teenoor 'n eggenoot, vriende, familie of selfs teenoor God mag na 'n miskraam voorkom. Dit gebeur omdat so 'n vrou iets verloor het wat niemand kan vervang nie. Bid vir haar dat sy haarself nie sal blameer vir wat gebeur het nie. Vra dat die Here haar emosies sal aanraak, genees en herstel van woede, teleurstelling en smart.

EENVOUDIGE GEBED: O Here, help my om nie van U af weg te draai nie. Hou my aan die lewe, dan sal ek U Naam aanroep! Here, almagtige God, laat dit weer met my goed gaan, verskyn tog tot my redding! (**Ps.80:18-19**).

3. **Rasionalisering** – 'n Vrou wat 'n miskraam gehad het, probeer dikwels om te kompenseer vir die verlies deur die leemte met iets anders te probeer vul, bv. met eet. Bid dat God vir so 'n vrou ware wysheid sal gee in haar situasie en haar sal help om weer gesonde gewoontes aan te kweek en nie haar liggaam sal verwaarloos nie. Bid dat sy met alles na God sal gaan en nie van Hom sal weghardloop nie.
   EENVOUDIGE GEBED: God wat vrede gee, maak my volkome toegewyd sodat ek geheel en al na gees, siel en liggaam onberispelik bewaar sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom. Ek vertrou op U wat getrou is, wat my by die naam roep, doen dit asseblief vir my (**1 Tess.5:23-24**).
4. **Depressie** – Na 'n miskraam is vroue gewoonlik bitter hartseer en huil hulle baie. Hulle het behoefte aan alleenwees en om die buitewêreld heeltemal uit te sluit. Bid dat hulle tyd sal maak om nie net alleen te wees nie, maar om tyd by die Here deur te bring, al is dit net om Sy teenwoordigheid in te drink. Vra dat hierdie 'n tyd sal wees waarin hulle God sal ervaar soos nog nooit tevore nie. Bid ook vir hulle dat hulle 'n goeie vriendin in hulle vertroue sal neem sodat hulle nie heeltemal van alles geïsoleer sal word nie. Vra dat hulle dit nooit sal oorweeg om hulle eie lewens te neem nie.
   EENVOUDIGE GEBED: Here Jesus Christus en my God en Vader wat my liefhet en aan my deur U genade blywende troos en goeie hoop gegee het, troos my hart en versterk my in elke goeie woord en daad (**2 Tess.2:16-17**). Gee vir my 'n vriend op wie se liefde ek altyd kan reken (**Spr.17:17**).
5. **Aanvaarding** – As sulke vroue deur hulle verlies gewerk het, sal daar 'n diep vrede in hulle harte kom. Hulle mag soms nog 'slegte' dae beleef soos wanneer hulle iets hoor wat hulle herinner aan hulle hartseer of wanneer hulle 'n kindjie of 'n ander verwagtende vrou sien. Bid dat hulle in hierdie 'slegte' dae hulle troos in die Here sal vind en nie terug sal val in algehele wanhoop of depressie nie.
   EENVOUDIGE GEBED: Here, wie het ek in die hemel behalwe U? Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as U nie. Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte; aan Hom behoort ek vir altyd (**Ps.73:25-26**).
6. **Ken jou lewensmaat** – Dit is belangrik om te onthou dat albei ouers intense emosies beleef en dat dit maklik is om die rug op mekaar te draai, vervreemd te raak of bang te wees om met mekaar oor die miskraam of die dood te praat. Vra dat die Here vir hulle genade en moed sal gee om met mekaar oop gesprekke te hê oor dit wat met hulle gebeur het. Bid dat hulle oop en eerlik sal wees en dat hulle verhouding hierdeur sal verdiep, dat hulle gereeld saam sal bid en weer hulle lewens as 'n paartjie aan God sal gee.
   EENVOUDIGE GEBED: Here, Ek roep U Naam aan, genees ons gebroke harte en verbind ons wonde as 'n paartjie (**Ps.147:3**). Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser (**Ps.19:15**).
7. **Ontmoeting met jou familie en vriende** – Familie en vriende is die grootste bron van praktiese ondersteuning in so 'n moeilike tyd. Soms is dit nodig dat iemand met 'n professionele terapeut of berader gaan gesels om dit wat gebeur het, te verwerk. Bid dat God vir hulle begrypende en ondersteunende familie en vriende sal gee wat nie sal probeer om hulle probleme vir hulle op te los nie, maar mense wat vir hulle sal omgee en vir hulle sal bid. Bid dat hulle gewillig sal wees om hulle harte oop te maak.
   EENVOUDIGE GEBED: Here, help my om diegene wat hartseer is te verstaan, te ondersteun en voor te bid (**Ps.116:3**).
8. **Julle is nie alleen nie** – Daar sal tye kom wanneer mense wat dieselfde smart as hulle ondervind het, hulle paaie sal kruis. In tye soos die sal hulle ander uit hulle eie ervaring kan help. Bid dat hulle nog meer troos sal vind deur te begin om ander wat ook 'n miskraam gehad het, te troos en vir hulle te bid.
   EENVOUDIGE GEBED: Here, ek dank U dat U die Vader is wat U ontferm en die God wat in elke omstandigheid uitkoms gee, wat my in elke moeilikheid help sodat ek ook weer ander kan bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig het (**2 Kor.1:3-4**).
9. **Wees dankbaar** – Loof die God wat gebede antwoord. Loof die Here wat ons salf in ons gebrokenheid om die blye boodskap te bring aan mense wat in nood is, om die wat moedeloos is op te beur, om vir die gevangenes

vrylating aan te kondig, vryheid vir die wat opgesluit is, om almal wat treur, te vertroos, om vir hulle eer te gee in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydskap in plaas van hartseer; dat hulle genoem sal word Bome van Redding wat deur die Here geplant is om Sy roem te vermeerder (**Jes.61:1-3**).

(Suid-Afrikaanse hulplyne: *Compassionate friends* (ondersteuning vir ouers), tel.: 011 440 6322 of *Fertel Helpline* (onvrugbaarheid en miskrame), sel: 072 104 8352).

Is jy 'n ware man?

Dawid sê in **1 Kron.29:17**: *Ek weet, my God, dat U die hart ondersoek en dat U opregtheid wil hê. (I know, my God, that you test the heart and are pleased with integrity. NIV)* Wat beteken integriteit werklik? Integriteit is dit wat ons dink en doen wanneer niemand ons sien en waarvan niemand anders ooit sal weet nie. Dit is om so te leef dat ons nie omgee of God of mense alles weet wat ons doen nie. Dit is 'n lewe waar dit wat ons sê, dink en doen nie vir ons 'n verleentheid sal wees as ons vrouens, kinders en kollegas dit moet weet of as dit in die koerant gepubliseer sal word nie. Dit is wanneer ons so leef dat ons woorde, dade, karakter en dit wat God van ons verwag, ooreenstem. Dit is wanneer mý karakter met die karakter van God ooreenstem. Vir 'n Christen is integriteit om God (Homself, Sy wil en voorskrifte) konsekwent onder alle omstandighede en enige vorm van druk te kies. 'n Man met integriteit word nie beheer deur vrees vir mense of deur druk wat op hom uitgeoefen word nie. Jesus se *kritici* moes op die ou end erken: *Meneer, ons weet dat u iemand is wat u mening eerlik uitspreek sonder om mense in aanmerking te neem, want u let nie op die aansien van persone nie. U is getrou aan die waarheid en so maak u die wil van God bekend* (**Mark.12:14**) Dit is integriteit. Ons lees in **Dan.6:4** *Hierdie Daniël het deur sy buitengewone bekwaamheid so uitgeblink bo die ander ministers en die goewerneurs-generaal dat die koning van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel.* Dit is integriteit. Kyk na die belofte van God vir hulle wat met integriteit lewe: *Wie opreg (met integriteit) leef, leef sonder vrees.* (*He who walks in integrity, walks securely)* (**Spr.10:9**) Vir die man van God, 'n man van integriteit, gaan dit nie daaroor om goed oor homself te voel nie, maar om reg te voel oor homself, m.a.w. om te weet dat hy rég leef.

Wêreldwye fokus om te bid teen geweld en oorloë

Die volgende aanwysers verskaf 'n basis oor hoe om te bid oor die geweld/oorlog wat op die oomblik in die wêreld aangaan. Voel asseblief vry om ander onderwerpe by te voeg soos die Heilige Gees jou lei.

1. **Op die oomblik woed daar 35 Oorloë:** Daar was oor die 250 groot oorloë in die wêreld sedert Wêreldoorlog II. Meer as 37 miljoen mense is gedood in oorloë in die 20ste eeu. Drie maal meer mense is die afgelope 90 jaar dood in oorloë as in die vorige 500 jaar. Daar is meer as 35 konflikte aan die woed in die wêreld vandag. *Vader God, ons bring elke persoon voor U troon wat op die oomblik swaarkry as gevolg van 'n oorlog in hulle omgewing. Mag hulle Jesus leer ken. Mag hulle oor niks besorg wees nie, maar in alles hulle begeertes deur gebed en smeking met danksegging aan U bekend maak. Gee dat die vrede wat alle verstand te bowe gaan oor hulle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus* (**Fil.4:6-7**).

2. ***Wie sterf*?** In die oorloë van die laaste dekade is meer kinders dood as soldate. In die laaste dekade is 'n beraamde 2 miljoen kinderslagoffers in oorloë dood, 4 tot 5 miljoen vermink, 12 miljoen huisloos en meer as 1 miljoen wees gelaat. *Vader God, openbaar U Seun Jesus aan die kinders wat vermink, huisloos en wees gelaat is. Mag elkeen U wonderlike trou beleef, mag elkeen beleef hoe U hom help as hy van sy vyande by U skuil* (**Ps.17:7**).

3. ***Kindersoldate*:** Ongeveer 300 000 kinders dien as soldate in huidige gewapende konflikte. Hulle dra AK-47's en M-16's op die voorlinies van konflik, dien as menslike mynverklikkers, neem deel aan selfmoordsendings, dra voorrade en tree op as spioene, boodskappers of brandwagte. Kindersoldate word in meer as 30 lande regoor die wêreld gebruik. (Webruimte: http://www.worldrevolution.org/guide/childsoldiers). *Vader God, ons*

*roep uit tot U dat U mense sal oprig wat reg sal laat geskied aan almal en liefde en barmhartigheid aan mekaar sal bewys (***Sag.7:9**). *Mag die kinders bevry word om kinders te wees, gee vrede in plek van oorlog.*

4. ***Kinders en Oorloë:*** Miljoene kinders is vasgevang in konflikte waarin hulle nie net toeskouers is nie, maar ook teikens. Party is slagoffers van algemene aanvalle op gewone landsburgers, ander sterf as deel van 'n berekende menseslagting. Nog ander kinders ly onder die nagevolge van seksuele geweld of verskeie ontberings as gevolg van gewapende konflik wat hulle blootstel aan honger en siektes. Net so skokkend is die duisende jongmense wat gevoelloos uitgebuit word as vegters. (*The United Nations Children's Fund (UNICEF)*, State of the World's Children, 1995, bl. 2. Webruimte: http://www.worldrevolution.org/guide/childrenandwar). *Vader God, ons roep uit tot U oor die benarde toestand waarin kinders verkeer. Wys vir hulle die verlossing in Jesus Christus. Beskerm hulle soos die appel van U oog, steek hulle weg in die skaduwee van U vleuels vir die goddeloses wat hulle wil oorweldig, die doodsvyande wat hulle omsingel* (**Ps.17:8-9**).

5. **Vroue en oorloë:** Gedurende gewapende konflik word vrouens en dogters gedurig gedreig met verkragting, seksuele uitbuiting, ontvoering, seksuele vernedering en verminking. Hulle verkeer orals in groot nood, hetsy by die huis, op vlug of in kampe vir ontworteldes. (Webruimte: http://www.worldrevolution.org/guide/womenandwar). *Vader God, ons roep na U om die gety vir die vroue te laat draai, veral vir hulle wat ly as gevolg van die voortslepende oorloë. Ons vra vir U dat niemand die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme sal verdruk nie. Laat niemand bose planne teen hulle bedink nie (**Sag.7:10**).*

6. **Vlugtelinge:** Vandag is daar geen kontinent en byna geen land in die wêreld wat nie geraak word deur die wêreldwye vlugtelingenood nie. Aan die begin van 2000 was daar 'n beraamde 14 miljoen vlugtelinge gedwing om internasionale grense oor te steek as gevolg van oorloë, burgeroorloë, ens. 'n Beraamde 30 miljoen mense is gedwing om uit hulle huise te vlug, maar woon in hulle eie lande en is dus nie geregtig op beskerming onder die internasionale hulpstelsels vir vlugtelinge nie. (Webruimte:http://www.worldrevolution.org/guide/refugees). *Vader God, ons roep U aan vir vlugtelinge en vir hulle wat uit hulle huise moes vlug. Soos in Bybelse tye sal U brood en water voorsien vir die wat vir die wrede oorlog gevlug het (**Jes.21:14-15**). Help hulle om te weet U is 'n God wat red, fisies en geestelik.*

7. **Landmyne:** Na beraming is daar tussen 60 en 70 miljoen landmyne in die grond in ten minste 70 lande. Landmyne wond of dood ongeveer 26 000 burgerlikes elke jaar, waarvan 8 000 tot 10 000 kinders is. Slagoffers wat oorleef verduur 'n leeftyd van fisieke, psigologiese en ekonomiese ontwrigting. Minstens 75% van landmynslagoffers is gewone burgerlikes. (Adopt-a-Minefield, webruimte: www.landmines.org of http://www.worldrevolution.org/guide/landmines). *Vader God, ons bid dat daar gou 'n oplossing gevind word om die probleem wêreldwyd op te los. Versorg die slagoffers van landmyne*, *genees hulle gebroke harte en verbind hulle wonde* (**Ps.147:3**).